Geliefde Lourensrivierder

Hierdie week het alweer gesorg vir sy eie hartseer, pyn en verslaentheid.
TOG te midde van dit alles het LIEFDE, OMGEE, BARMHARTIGHEID en EENSGESINDHEID uitgestaan soos ‘n helderskynende vuurtoring in ‘n tierende storm..... ‘n baken van hoop!
So, waaraan klou mens vas as alles hooploos lyk en die mure rondom jou intuimel? Hierdie week se fokusteks is weer SO “spot on” met ‘n antwoord dat ek nie anders kan as om te glo dat die Here iets daarmee te doen het nie.... Gaan lees bietjie onderaan waarmee Paulus die gelowiges troos in onseker tye 😊
Mercy Me sing: Even If..... It is well with my soul.....
Klik gerus op die skakel om die wondermooie hartsliedjie te luister: https://www.youtube.com/watch?v=B6fA35Ved-Y
Hier is die woorde:

“They say sometimes you win some
Sometimes you lose some
And right now, right now I'm losing bad
I've stood on this stage night after night
Reminding the broken it'll be alright
But right now, oh right now I just can't
It's easy to sing
When there's nothing to bring me down
But what will I say, when I'm held to the flame
Like I am right now
I know You're able and I know You can
Save through the fire with Your mighty hand

But even if You don't,
My hope is You alone

They say it only takes a little faith
To move a mountain
Well good thing
A little faith is all I have, right now
But God, when You choose
To leave mountains unmovable

Oh give me the strength to be able to sing
It is well with my soul”

Laat dink my aan Habakuk wat sê in Hab 3:17-19 *“Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop”*

NUUSKRUMMELS: 09 NOVEMBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

Liewe Johannesvriende
Ek (Lindie Lourens) en Johannes het twee jaar gelede ‘n klip in die bos gegooi en daar het ‘n “Leeu” uitgespring. ‘n Bedrag van **R21 950** is verlede jaar (R19 600 twee jaar gelede) vir Johannes se Bybelverspreidingsprojek bymekaargemaak en omdat van die donateurs gevra het dat ons dit ‘n jaarlikse instelling maak, is ons op ons pos vir 2017 se uitdaging. Help my, sodat ons hierdie droom van Johannes vanjaar nóg verder kan vat. Dis nie geld wat Johannes vir homself gebruik nie, maar elke sent word vir Bybelverspreiding gebruik. Johannes mag elke jaar kies waarnatoe die geld moet gaan. Hierdie jaar het hy die organisasie, HEY! gekies. Hulle gaan na skole in en om die Strand om die Woord te verkondig en Bybels uit te deel. Het het ook spesifiek gevra dat die meeste Bybels na sy ou skool, Laerskool Hendrik Louw moet gaan. HEY! se logo: “Wake up and join the hope explosion! Be a light in the dark world for Jesus!” Vir vanjaar se projek is daar ‘n lieflike **skildery deur Ann Gadd**. Sy is 'n welbekende SA kunstenaar, skrywer en motiveringspreker. Sy het reeds 14 boeke geskryf en het die kunsreeks "art for ewe" (oor skape) geskep. Haar motto is: "I create art with a smile, (which is a great way to live!) Haar motto laat ‘n mens so aan Johannes dink. Hierdie spesifieke skildery is 20X20cm. Gaan google haar gerus. **Johannes het saam met sy ma, Anelé, ‘n krale-hangstokkie vir die tuin** ingeryg.

Vir elke R50 wat jy inbetaal, stuur ek vir jou ‘n nommer. (Jy e-pos die inbetalingsbewys na lindielourens2@gmail.com en ek e-pos vir jou jou nommer(s).) So sal ons weer kan boekhou van die totale bedrag wat inkom.

As jy nog altyd graag iets vir Bybelverspreiding wou doen, kan jy nou help deur hierdie Bybelverspreidingsdroom van Johannes te ondersteun. Dalk vir die eerste keer óf dalk reeds die derde keer.
Johannes verjaar op 1 Desember. Op sy 16de verjaarsdag (minder as ‘n maand van nou af) gaan ons weer vanjaar se projek afsluit wanneer hy die gelukkige nommer sal trek. Die eienaar van hierdie besonderse skildery en krale-hangstokkie sal so bepaal word. Groete, Lindie Lourens

Bankbesonderhede:
Lindie Lourens: Standardbank Robertson
Tjekrekeningnr: 082345422 ; Takkode : 050413
Merk asseblief duidelik : **Johannes Bybelverspreiding 2017**

Indien jy nog nie die volle verhaal van Johannes ons wonderkind ken nie, kan jy gerus op ons Webtuiste gaan lees:
http://www.lourensrivier.co.za/index.php/versorging/getuienisse/wonderwerk-verhaal
Hier is ook ‘n videogreep: https://www.youtube.com/watch?v=o-2NBlw2G6U

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

HUIS BESKIKBAAR:
3 slpk, hoofslpk met on suite (nou nuut oorgedoen), volledige badkamer met nuwe bad, stort, wasbak en aparte toilet. Alle kamer kasdeure nou nuut vervang. “English style” kombuis met oopplan na braaivertrek. Toonbank in middel. Ekstra ruim leefvertrek en studeerkamer. Tandem garage. Aircon in hoofslaapkamer en braaivertrek. Hele huis het “venesion blinds”. Huis binne en buite nuut geverf. “Remote control” garagedeur en erf omhein met gietysterheining.
R15000 per maand. Beskikbaar vanaf 1 Desember 2017.
Kontak: 082 744 9502 of 082 678 7517

HUIS·ESPERANZA¶
IN-HUIS·KERSMARK¶
15·November·–·15·Desember¶
¶
Ons·verkoop·deurlopend·Lekkergoed,· Tuisgemaakte·Mostert,·Konfyte,·Kerriebone,· Beskuit,·Koekies·en·Vrugtekoeke¶
¶
17·Nov·’17:·Waterblommetjiebredie·verkope¶
R35/500ml·vir·afhaal·vanaf·14:00·tot·17:00¶
¶
22·Nov·’17:·Wildspasteie/Hoenderpasteie¶
R75·groot·en·R35·klein¶
virafhaal·vanaf·14:00·tot·17:00¶
¶
1·Des·’17:·Spek·en·Eier·rolletjies·verkope¶
R15·elk·vir·afhaal·vanaf·8:00·tot·12:00¶
¶
6·Des·’17:·Basaarpoeding¶
R6/250ml·vir·afhaal·vanaf·10:00·tot·12:00¶
¶
13·Des·’17:·Pannekoek¶
R6·elk·–·vir·afhaal·vanaf·10:00·tot·12:00¶
¶
Plaas·bestellings·vooraf·by·Susan·021·854·7393·om·teleurstelling·te·voorkom.¶
¶

Broodjie Plein R95
Broodjie Versier R115
6” Vierkant - plein R95
5” Vierkant - plein R70
5” Vierkant - met kersies R90
Mini vierkant R35

Heerlike Vrugtekoeke te koop:
021 854 7393 (11 Donaldsonstraat, Strand)

On December the 3rd the Community Police Forum are holding an event to raise funds for RAPE CRISIS HELDERBERG, PATCH AND THE ANIMAL WELFARE ASSOCIATION. Children under 10 FREE.

RAPE CRISIS HELDERBERG *(Helping Victims of Rape and Counselling Survivors of Rape and Incest)*

Reserve your spot at this years CPF Charity walk and help in the fight against violence towards, women, children and animals. This year's event will be showered with beautiful colour whilst enjoying either the 5km or 3km trail leading into the beautiful Vergelegen Farm and ending at the Radloff Baseball club. There will be plenty of entertainment at the end of the walk including music, food, jumping castles, raffles and amazing prizes to be won!
We will ALSO have a braai on the go!

Dogs on leads are welcome as well as children in prams or those in wheelchairs. It's for everyone, bring the whole family!
All proceeds raised will support this years beneficiaries, Helderberg Rape Crisis, PATCH-Child Abuse Centre and Animal Welfare Gordons Bay. You will not only be guaranteed a day of wellness and fun, but you will have the opportunity to find out a bit more about these amazing organisations and the work they do on a daily basis in the Helderberg.

If you are feeling extra giving this festive season, please bring along either one of the following items:
Tins of dog food or pack of biscuits for Animal Welfare
Items of clothing for Rape Crisis Helderberg
Non-perishable food items for PATCH
Get those entries in today, we are limited to 3000 participants and entries are selling fast. Action speaks louder than words so come on and show your support. Walk your talk at our Charity Walk! *See your there!* **Colleen A Louw: 021 852 5620**

VELE VREUGDE EN SEëN!

Rassie & Lizzie Erasmus was op 7 November, 'n allemintige 58 jaar getroud!!
Ons bid julle alles wat mooi is toe, vol van die Here se goedheid en guns!!!

KNIEWERK:

- Dankie Heer vir U genadereën! Ons bid voortdurend dat U wil sal geskied. Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, regverdigheid en eerlike leiers.
- Almal wat beïnvloed is deur die Gordonsbaaibrande en huise verloor het
- Kankerbehandeling: Owen Wallis
- Joël Kriegler vir gesondheid

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb. op hoogte.

GEBEDSHULPMIDDEL VIR NOVEMBER WEEK 2:

HOEKOM MOET ONS IN JESUS SE NAAM BID?

- Ons bid in Jesus se Naam om die kruisdood en die oorwinning op Golgota toe te eien
- Deur te bid in Jesus se Naam gee ons erkenning dat Hy die Gesalfde is – Koning, Priester & Profeet.

BERG 80 VERJAARSDAE: NOVEMBER 2017

Byvoeging: Alta Ellis word 81 op 16 November

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 12 NOV SE BOODSKAP: 1 TESS 4:13-18

(DRIE-EN-TWINTIGSTE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Waarom moet mense doodgaan? Hierdie vraag kan 'n mens nie omseil nie, en móét ons ook nie omseil nie. Die digter van Psalm 90 bid dat ons tog geleer sal word om reg hieroor te dink, dat ons ons dae wat getel is, só sal gebruik dat ons wys mag word, dat ons getroos mag lewe en uiteindelik sterwe …

In die Tessalonisense-brief tref ons hierdie onseker en troostelose groepie nuwe Christene aan.

Hulle het verkeerdelik gedink dat Jesus se terugkeer baie gou sou plaasvind. Toe van die gelowiges begin doodgaan, was dit vir hulle 'n probleem. Hulle het gewonder of hierdie dooies die terugkeer van Jesus gevolglik gaan misloop. Die manier waarop die Tessalonisense oor hulle dooies getreur het, wys dat hulle ook gedink het dat die dood 'n finale skeiding bring. Skielik het die dood vir hulle méér as normaalweg 'n saak geword om oor na te dink. In Korinte het 'n soortgelyke dilemma by Christene oor die dood ontstaan. Die Korintiese Christene het begin reken dat daar geen verband tussen Jesus se opstanding en hulle eie opstanding was nie. Hulle het begin dink dat Jesus se opstanding geen implikasies, geen nut en geen vrug vir hulle eie opstanding as mense het nie. "Ja, Jesus het opgestaan. Maar wat daarvandaan?" het hulle geredeneer – "ons moet immers nog steeds sterf!" Gevolglik was dit nie vreemd dat sommige Christene in Korinte hulle troos begin soek het in dít wat die lewe vóór die dood bied nie. Van hulle het begin sê: Laat ons dan maar die beste maak van elke oomblik van ons kort tydspan hier op aarde; laat ons na die plesier van elke uur gryp. “Laat ons eet en drink, want môre sterf ons!” (1 Kor 15:32).

Die kennis wat Paulus vir dié nuwe Christene aanbied, is die geloof dat Jesus gesterf en opgestaan het. Dít is die grond van hulle troos, hoop en toekomsverwagting. Dít is die grond waarin die opstanding van alle gelowiges anker. Dit kan klink asof Paulus van mening is: “Mense met hoop, treur nie.” Die teks praat egter daarvan om in staat te wees om te treur – met hoop en nie met 'n hooploosheid nie. Hoop beteken nie dat ons *nie* onder verlies ly nie, dat ons *nie* ons geliefdes verskriklik mis nie, dat ons *nie* ook deur dele van Getsemane gaan of soms selfs soos Job op die ashoop sit nie. Dit is noodsaaklik dat ons hartseer en pyn in die oë kyk, ons eie en die wêreld s’n. Ons beteken nie veel óf vir onsself óf vir die wêreld as ons in 'n kunsmatig-opgesmukte ontkenning leef nie. Laat ons treur wanneer ons moet treur! Jesus se boodskap weerklink vandag nog: Wees oop vir die wonde van die wêreld. Treur omdat die mensdom treur, huil omdat die mensdom huil, word self verwond deur die wonde van die wêreld. Beleef 'n doodsangs omdat die wêreld in 'n doodsangs is. Maar ... doen dit met 'n opgeruimdheid dat 'n dag van vrede sal aanbreek! **Volgelinge van Jesus sê: “Jesus kom weer, laat ons daarom armoede uitwis, laat ons die wonde en doodsangs van die wêreld heel.” Ons treur soos diegene met hoop. Ja, Jesus kom weer!**

“Troos mekaar dan met hierdie woorde” (vers 18).....

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier